ROEPING & RIGLYNE

TERMYNBLAD VAN DIE VERENIGING
VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS

ISSN 1029-8754

Jaargang 70 Nr. 3

VCHO
70
2019

3de en 4de Kwartaal, 2022

Christelike roepingsbesef beweeg ons tot verset teen geïnstitusionaliseerde barbarisme en tirannie

IN DIE SKRIFLIG: CALVYN

Wees Roepingsgehoorsaam

Hand. 9:1-6

Hy het ons gered en ons geroep om aan Hom toegewy te wees. Dit het Hy gedoen, nie op grond van ons dade nie, maar op grond van sy eie besluit en die genade wat Hy van ewigheid af in Christus Jesus aan ons geskenk het – 2 Tim. 1:9.

Ten slotte nog dit: die Here beveel elkeen van ons om in ons hele lewenswandel op sy roeping te let. Want Hy weet hoe dit hier binne kook en woel. Hy weet hoe maklik ons heen en weer geslinger word. En Hy weet hoe die eersug ons aanvuur om terselfdertyd aan verskillende moontlikhede vas te hou.

Gevolglik het Hy aan elkeen sy besondere pligte op die verskillende lewensterreine opgedra. Sy bedoeling is om te verhoed dat alles deur ons verdwaasdheid en onbesonnenheid deurmekaarloop. En ten einde seker te maak dat niemand sy grense onordelik oorskry nie, het Hy sulke bepaalde loopbane roepings genoem.

Die Here het dus aan elkeen sy loopbaan as ’t ware as ’n wagpos aangewys. Die rede hiervoor is dat hy nie gedurende sy hele lewensloop doelloos moet rondddwaal nie.

Dié roepingsbepaling is so noodsaaklik dat al ons dade daarvolgens voor God beoordeel word. En dit geskied dikwels heeltemal anders as volgens menslike en wysgerige oorwegings. Geen daad word as voortrefliker beskou nie – ook onder die wysgere – as om jou vaderland van tirannie te bevry. En tog word hy wat as private persoon die hand aan ’n tiran slaan, openlik deur die stem van die hemelse Regter veroordeel. Maar dit gaan vir my nie oor ’n opsomming van voorbeelde nie. Dit is genoeg om te weet dat die roeping van die Here die beginsel en fondament is om in elke saak goed op te tree.

Inst. III, 10, 6

Laat die wete dat U ons geroep het, elke dag vir ons die kragbron bly en rigtinggewend wees.

Die jaar 2022 afgesluit

Die jaar 2022 word in besonder moeilike landsomstandighede afgesluit. Alles dui vir ons daarop dat ons ’n besonder moelike 2023 tegemoetgaan. Sonder die perspektief van die geloof in God-Drieënig sal ons uitsig op die toekoms enigsins verduister, en die belang van ons roepingsbesef in die gedrang gebring word. As Christen-Afrikaners is dit egter nie die scenario van die landsvooruitsigte wat ons geestesgesindheid bepaal nie, maar ons vertroue op God. Op grond waarvan ons die jaar in dankbaarheid afsluit in terugskouing op al die goeie uit die hand van ons liefdevolle Vader wat desondanks alles, steeds ons lewenspad bepaal. En die nuwe jaar in volle geloofsvertroue tegemoetgaan. Aan al ons VCHO-lede en lesers word ’n geseënde Christusherdenking toegewens. Mag ons 2023 tegemoetgaan met die voorneme om steeds roepingsgetrou te lewe en te werk.

IN HIERDIE UITGAWE

In die Skriflig: Wees Roepingsgehoorsaam	bl 2
Christelike roepingsvervulling en barbarisme	bl 3
Visie vir Christelike onderwys	bl 6
Die onderwyser as kurrikuleerder	bl 8
Onderwys: Toepassing van beginsels en grondslae	bl 10
Oprigting van eie onafhanklike skole	bl 12
Die Bybel in Afrikaans	bl 14

Christelike roepingsvervulling en barbarisme: Die ANC-regering se spoor van magsug en vernietiging

Andries Raath

Kultuuropdrag en gehoorsaamheid aan God

Beskawings kom nie vanself tot stand nie en word nie oornag opgerig nie. Beskawing is ’n tipiese menslike aktiwiteit: Dit is ’n fyn netwerk van instellings, prosesse en verhoudings wat onder die besef van God se skeppingsorde, die ryke verskeidenheid van God se skepping en die eerbied en respek vir die geskapenes in gehoorsaamheid aan die normatiewe kultuuropdrag aan die mens as beeld van God, tot ontplooiing bring. Dit is die resultaat wat volg op eeuelange ontwikkeling, voortgang en gehoorsaamheid aan die Skepper en die norme wat die sensitiwiteit vir God se opdragte en die oorweldigende kompleksiteit van God se skepping hoog ag en in bewondering aanskou. Vandag, 1 Desember 2022, terwyl ek hierdie stuk skryf, is berig van gewelddadige pogings van die Kommunistiese Party en lede van die ANC om die maksimumsekuriteitshekke van die gevangenis waarin Janusz Walusz aangehou word oop te breek. Berigte op die sosiale media word uurliks opdateer oor die waarskynlike bedanking van Ramaphosa as president, nadat nog ’n regeringsinstelling oor die getuienis van groot bedrae geld wat te Phala Phala gesteel is, moontlike onregmatige optrede by Ramaphosa bevind en terwyl brandbestryders die vure wat woongebiede in Port Elizabeth bedreig, beveg, word hulle deur gewapende rampokkers beroof. Plaasmoorde, ineenstoring van talle netwerke en infrastruktuur en daaglikse betogings en openbare geweldpleging, kenmerk die samelewing waarin ons elke dag leef. Suid-Afrika treur oor die verlies en aftakeling van ’n land wat met Christelike geloofstoewyding en harde werk oor drie eeue opgebou is – beide vereistes vir beskawingsvooruitgang wat nie by die ANC-regering en hul politieke ideologie te vinde is nie. Suid-Afrika is ’n vertoonvenster van die gemak waarmee aftakeling en plundering bestaande beskawingsinstellings vernietig – in kort: ’n land op die pad van beskawingsverval geplaas.

Beskawing is die resultaat van normatiewe gehoorsaamheid aan die eise van God se Woord: Om te bewoon, te bewerk, op te bou tot eer van God – die Christen se roepingsperspektief. Dit is ’n roepingsopdrag, ’n bevel, ’n oproep en ’n eis waaraan niemand kan ontsnap nie, omdat dit ’n oproep van God is én ons hele lewe omvat. Alle terreine van die lewe staan vir die Christen onder die appèl dat beskawingsontwikkeling, vooruitgang en opbou, gehoorsaamheid aan God se gebooie vereis. Kontinuïteit (verantwoordelike voortgang), differensiasie (ontplooiing) en individualisering (eiestandige roepingsverantwoording) is die norme waarlangs God se skepping ontplooi en in gehoorsaamheid aan God se eise gedy, met die wete dat geen duim breed van God se skepping aan Sy almag, sorg en heerskappy kan ontsnap nie. Gehoorsaamheid, roepingsbewussyn en gehoorsaamheid aan die wil van God is vir die Christen die bane waarvolgens die skepping tot meerdere ontplooiing kom. Reglyning teenoor die Reformatoriese roepingsbewussyn, staan die materialisme, aardsheid en verwerping van God se oppergesag in die materialistiese en ateïstiese lewensbeskouing van die Marx-

isties-kommunistiese lewenskoers.

Die vader van dié ateïstiese en sataniese ontkenning van God se oppergesag was Karl Marx en Friedrich Engels. Die Marxisme is verbind tot die stoflike en wêreldse: “Laat ons eet en drink want môre is ons nie meer hier om dit te geniet nie.” Verbonde aan die wêreldse en die sug na die stoflike is daar nie ruimte vir die eise van die liefdesgebod nie; geen liefde vir God; geen liefde vir die naaste. Die eie-ego is nou die maatstaf van wat goed, regverdig en noodsaaklik is: ’n Afgeplatte duiwelse sisteem van die oorlewing van die sterkere, afwesigheid van publieke verantwoordelikheid en elkeen wat volgens sy eie wil en begeertes leef. Godsdiens is vir die Marxistiese kommunis ’n verwerplike idee omdat dit ’n beroep doen op ’n hoër gesag as die egosentriese eie-ek van die deur sonde verwronge mens. Die terugkeer na die barbaarse lewe in ’n voor-beskawingsmileu is vir Marx die norm waarvolgens die massas moet lewe en waarin die mens sy vryheid vind: “Religion is the sigh of the oppressed

Vervolg op bl. 4

creature, the soul of a heartless world, the spirit of sculless stagnation. It is the *opium* of the people." Die materialis (soos Marx) vertolk alle menslike handelinge en gedrag in terme van mag en word voortgestu deur die drang na menslike heerssug en onderwerping van die swakkere – wellus van heerskappy, pogings om God te onttroon: "'Religion is the opium of the people' … this dictum of Marx is the cornerstone of the whole world-outlook of Marxism on the question of religion. All modern religions and Churches, all religious organisations Marxism always regards as organs of *bourgeois* reaction serving to defend exploitation and to stupefy the working class", skryf Lenin, Marx se geestelike erfgenaam.

Die eeue-oue erfenis van Christelike beskaafdheid en eerbied vir die kontinue ontplooiing van God se skepping moet plek inruim vir revolusionêre omverwerping van alle ordes en instellings – die sug om na die sin en wil van die mens te herskep. Die huidige regeringsbeleid is die teenoorgestelde van Christelike beskawingsontwikkeling: teenoor kontinue opbou die stig van kleiner en groter revolusies deur alle bestaande instellings te vernietig; teenoor differensiasie in veelvuldige lewensfere die onderwerping aan die magsug van die Marxistiese sosialisme; teenoor individualisering die vernietiging van identiteit en gebruik van die staat as totalitêre magsisteem.

Die ANC-regering is volkome oorgegee aan die aardse, stoflike en materiële en sy leiers leef net vir hul sak en materiële genotsug. Vir die regerende ANC-regime is die barbaarse en vervalle dogma van Marxisties-Leninistiese materialisme die verdoeselde en onuitgesproke koersgewende beginsel: "Laat ons eet en drink en vrolik wees want môre sterf ons en kan ons nie meer ons stoflike drange bevredig, ons chauvinistiese drang van magsoorheersing bevredig en onsself in die plek van God op die troon plaas nie." By al die ateïsme, revolusie, onbevredigbare sug na materiële rykdom, sit die Suid-Afrikaanse samelewing vasgevang in die hande van waarskynlik die grootste georganiseerde misdaadkartel in die wêreld. Elke owerheidshandeling is 'n revolusie in die kleine; elke beleidsverklaring 'n verdere aantasting van God se eer en majesteit; elke owerheidsinisiatief 'n hernude poging om die Suid-Afrikaanse bevolking van sy stoflike erfenis te stroop en te verkneg.

Beskawingsontplooiing en magswellus

Oligargiese regeringsvorme konsentreer die staatsmag in die hande van 'n klein elite, gebruik die drogbeeld van demokrasie as 'n front om aan bewind te bly en wend hul tot drakoniese en tirannieke middele om mag te behou ter wille van hul eie oorlewing en self-verryking. Selznick beskryf die wellustige hunkering na totale mag wat deur die Leninistiese revolusionêres gekoester word: "The difference lies in the central aim of Leninism: the concentration of total power in the hands of the ruling group. This is not the only goal of bolshevism, but this search decisively shapes the behavior of the communist parties." 'n Samelewing wat leierloos op die stormsee van revolusie ronddryf sonder koers en leiers is die ideale teiken van die magsbehepte Leniniste. Dlamini Zuma se magsvergrype tydens die Covid-afsluitings; Cele se uitbarstings waar sy persoonlike gebrek aan goeie maniere sy openbare plig tot verantwoordelike leierskap oordonder; Ramaphosa se subtiele aanstigting van argwaan teen blankes deur op hul ryk erfgoed te wys ensovoorts, staan alles in die lyn van magsvergrype en verdeel-en-heers strategie om die revolusionêre massas teen minderheidsgroepe op te stook, subtiele rassisme te bedryf en dusdoende te poog om totale mag te behou.

Die algehele oorgawe aan magsug en die horisontale beheer oor alles en van almal word deur Selznick soos volg beskryf: "The nature of bolshevism cannot be understood unless we grasp the fact that Leninist political doctrine rests upon a broad interpretation of the nature of power. In particular, bolshevick theory and practice recognize that power is *social,* generated in the course of all types of action (not simply the narrowly 'political') and latent in all institutions." Waar mag die norm word, verdwyn geregtigheid, etiese sensitiwiteit en eerbaarheid – magsug, opportunisme en verwerping van normatiewe binding aan waarheid en verantwoordelikheid lei tot pragmatiese opportunisme: "The theory of power has increased the sensitivity of … strategy to unconventional methods of gaining influence. Exploitation of these devices has helped to keep the communist movement from adapting itself to constitutional methods …" Die opportunistiese werkswyse om hul antichristelike oogmerke te bereik ken geen beperkings nie. Hul volg Lenin se beroep om alle moontlike strategieë, instrumente en onwettige metodes te gebruik om die materialistiese oogmerke van die kommunisme voort te sit. Propaganda word gebruik om belangrike idees aan klein groepe oor te dra. Agitasie behels die verspreiding van enkele idees of slegs 'n enkele idee aan groot groepe mense en

die massas word gemobiliseer met antikapitalistiese wekroepe vir “brood”, “vrede”, “grond” en “transformasie”.

Onverwesenlikbare beloftes hou die massas in beroering en hul word die speerpunt waarmee die magswellus van die oligargiese ANC-regering oproer, geweld en bestaande beskawingsnorme subtiel aftakel: “The ANC government shall restore the wealth of our country, the heritage of all South Africans to the people as a whole. The mineral wealth beneath the soil, the banks and monopoly industry shall be transferred to ownership of the people as a whole.” Sogenaamde “nasionale bevryding” is die wekroep totdat alle eiendom genasionaliseer is, alle private instellings die knie voor die kommunistiese magshebbers buig en ’n klein elite-groep deur die massas die hulpbronne van die land en private eiendom gestroop het. Kommunistiese state se nalatenskap is geweld, beskawingsverval en faksiestryd wat bestaande infrastruktuur aftakel en ’n spoor van armoede nalaat. Die ANC-regering se nalatenskap van ESKOM, YSKOR, SPOORNET, TELKOM en talle gewese produktiewe instellings meer, is die stille getuienis van ’n land wat sy ore aan die ANC-geweldenaars uitgeleen en die land op sy knieë gebring het.

Die trajek van tirannie en beskawingsverval

Magsbeheer van die massas geskied ooreenkomstig die Marxisties-Leninistiese ideologie volgens die party wat die massas stuur in die rigting wat die belange van die nasionaal-demokratiese revolusie die beste dien: “(o)ne of the greatest sources of strength of the proletariat dictatorship lies in the very fact that all its activity shows its unanimous will and is directed by the party according to a single plan. The party bases itself on the Marxist-Leninist theory and a study of the concrete conditions in working out a political program in all the spheres of socialist construction – economic, administrative, military, education and foreign – and guides its implementation in practice” (*Fundamentals of Marxism-Leninism*). Die Bybelse struktuur, funksie en doel van die staat word verwring tot ’n magstruktuur wat die party- en oligargiese belange van die speerpunt van die party vorm: “Die politieke mag in die eintlike sin is die georganiseerde mag van één klas ter onderdrukking van ’n ander klas” (Marx en Engels). Die Marxistiese onderbou van die ANC-struktuur is slegs op één doel afgestem: Suid-Afrika kan nooit vooruitstrewend of vry wees, voordat al die inwoners nie onder volkome staatsbeheer staan en deur die ANC voorgeskryf word nie. Die ANC se luide aktivisme vir burgervryhede, gelykheid en politieke regte vir almal is slegs die rookskerm waaronder die massas gemobiliseer word en deur die valse vertolking van demokratisme aan partybeheer uitgelewer word. Die ANC se Marxistiese oogmerke is die teenoorgestelde: “(S)ocialism … rejects the distorted idea of freedom of the individual which bourgeois propaganda usually associated with egoistic and individualistic aspiration. The price of such freedom is the alienations of the individual from society, morality from humanism, conscience from reason … Only socialism and communism assent genuine freedom …” (*World Marxist Review*).

Politieke vryheid is ’n gemanipuleerde vryheid waarvan die grense deur die Marxisties-kommunistiese alliansie bepaal word. Die manteldraaiery van die Marxistiese partystrukture wentel om die begrip “socialist democracy”: “(a)s for socialist democracy, it is not directionless, but directed democracy, i.e. democracy directed by the party and the state in the interest of the further development of socialism and the building of communism” (*Fundamentals of Marxism-Leninism*). Ondernemings, beloftes en ooreenkomste het vir die ANC-kommunistiese partystrukture slegs waarde vir sover dit die massas verder kan verslaaf en onderwerp en burgervryhede toenemend ingekort word. Selfs die huidige Suid-Afrikaanse Grondwet van 1996 en die voorafgaande plegtige ooreenkomste by Codesa is geen verskansings en plegtige ondernemings nie – op die lang termyn nie eens die papier werd waarop dit geskrywe staan nie. Die dryfjag vir onteiening sonder vergoeding is ’n vorm van nasionalisering wat lynreg ingaan teen die plegtige ooreenkomste bereik te Codesa en verskansinge in die Grondwet. Private eiendom is van die weinige bates wat nog nie deur die ANC-leierskap geplunder en verteer is nie. Veral eiendom in blanke hande is nou die Kerskalkoen waarop die gretige oë van die ANC-plunderaars gefokus is – die laaste bastion van vrye ondernemerskap in ’n see van mislukte sosialisme wat die ANC-aasvoëls nog nie verteer het nie.

Die Christen se roeping en stryd teen onbybelse plundering van ons land deur revolusionêres

Die stryd teen tirannie en tiranne vereis opofferings ter wille van die waarheid en die stryd teen onreg. Die opregte en vrome Nabot se weiering om sy wingerd aan die tirannieke Agab prys te gee, staan nie alleen as ewige aanklag teen tirannieke plundering en verteersug nie, maar as ’n blywende getuienis van beginselvaste weiering om aan tiranne toe te gee: “Maar Nabot het vir Agab gesê: Mag die HERE my daarvoor bewaar

Vervolg op bl. 13

Visie vir Christelike onderwys

Bydrae ontvang van dr Bennie Aucamp

“Maar Hy antwoord: ‘Daar staan geskrywe: ’n Mens leef nie net van brood nie maar van elke woord wat uit die mond van God kom’” (Mattheus 4:4; 1983-Bybelvertaling).

In die voorafgaande post het ek gewys op die kosbare werk van Christen-gelowige opvoeders wat binne die openbare onderwys-sisteem hulle taak as roeping beskou en poog om God te eer en te verheerlik in dit wat hulle in onder andere die klaskamer beplan en doen. In hierdie post wil ek oorwegend infokus op ’n skool se visie met onderliggende beginsels. U kan self oordeel in watter mate skole soos ons dit beleef as Christelike skole bestempel kan word met ’n Christelike visie wat ten opsigte van elke deel en onderdeel rigting aandui. Of soos in die voorafgaande post gestel, is die belewing dalk dat ons skole het met Christelike onderwysers?

Dit is sonder twyfel volgens my ’n gegewe dat ons as Christen-gelowiges ons kinders – verbondskinders – moet blootstel aan die beginsel en werklikheid dat geen deel van ons lewe buite die heerskappy van God val nie. Ons kan nie van Maandag tot Vrydag en selfs Saterdag een boodskap verkondig en dit van die belydenis en boodskap van Sondae in die kerk skei asof die realiteit daarbuite in die alledaagse lewe ’n ander ingesteldheid en leefwyse verg nie. Vir my is dit eintlik eenvoudig en hoef ons nie ingewikkelde redenasies te voer om uiteindelik dan te wil beweer dat Christelike onderwys ’n mite is nie en dat Bybelgefundeerde godsdiensonderrig uitsluitlik die taak van die ouerhuis is nie. Laasgenoemde is wel gedeeltelik waar in terme van die ouer se belangrike taak en opdrag, en ek kom later in opvolgende posts hierna terug. As Christelike onderwys egter ’n mite is wat so en as waarheid aanvaar word, dan kan ek eintlik net doodgewoon voortgaan om oor die ouer se taak en verantwoordelikheid gedagtes te wissel. Maar ons moet uiteindelik besef dat Christelike onderwys ook verwys na tuisskole, na privaatskole – oral waar ons as ouers en onderwysers ons kinders besorg of versorg.

Hoe sou ’n mens ’n Christelike wêreldbeskouing vir onderwys en opvoeding beskryf of verduidelik, van waaruit ’n visie saamgestel sou kon word? Hieruit dan ’n verdere vraag met betrekking tot die essensiële elemente en voorveronderstellings (vertrekpunte) wat Christelike onderwys en opvoeding beskryf of kenmerk? Kom ons kyk na ’n paar belangrike uitgangspunte. Vanuit my Christenskap verklaar en bely ek saam met menigte ander Christen-gelowiges regoor die wêreld die volgende:

- Die God van Christen-gelowiges is die enigste God.
- Hierdie enigste en ewige God het die heelal geskep en Homself daardeur openbaar.
- Die bonatuurlike wêreld of sfeer waarin God bestaan, is ’n werklikheid net soos die natuurlike wêreld en kan geken word.
- God as persoonlike, oneindige en heilige God het dit so beskik dat die gaping tussen die bonatuurlike en natuurlike wêreld oorbrug word en openbaar Hy Homself aan die mens, en wel op die volgende wyses:
  1. besondere openbaring in die Bybel;
  2. persoonlike self-openbaring in en deur sy Seun, Jesus Christus, en

  3. algemene self-openbaring in die materiële en natuurlike skepping.

Daar is geen digotomie (verdeling) tussen sekulêre en heilige waarheid nie. Alles van die geskape werklikheid is doelbewus en doelgerig tot stand gebring deur God. Alleen God gee betekenis hieraan en is ons in alles van God afhanklik.

Op grond van voorafgaande punte/stellings is die veronderstelling dat alle vakinhoude en fasette binne die onderwys die geskape werklikheid en waarheid van God moet omhels, moet bevat, mee rekening moet hou en deur die beginsels daarin gerig moet word. Daar is nie iets soos neutrale onderwys nie. Om te sê dat onderwys neutraal is, kom ook neer op ’n standpunt en ’n beskouing. Enige gaping wat mag ontstaan as gevolg van hierdie standpunt en denkhouding, sal religieus gekleur of bepaald wees.

Vanuit bostaande belydenis/verklaring wil ek nou na die formulering (voorbeeld) van ’n visie vir ’n skool kyk, ’n skool wat as Christelike skool bekend is of bekend wil wees – ’n visie vir Christen-ouers, Christen-onderwysers en Christen-gelowige kinders:

Ons bevestig as skool dat die uiteindelike en oorkoepelende doel van onderwys die oriëntering van mense volgens die Bybel is om kennis van God en die mensdom, asook die res van God se skepping te verkry. Hierdeur word die mens voorberei om sy plek in gesin, familie, Kerk en gemeenskap in te neem tot God se eer en verheerliking en in diens van Christus se Koninkryk en medemens.

Maar kom ons tree net vir 'n oomblik terug om met die woorde van RJ Rushdoony verdere perspektief te gee: "The function of education and of the curriculum was the preparation of man to glorify God, to enjoy Him, and to serve Him in and through a chosen calling."

As ons bely dat ons aan God behoort, dat ons sy kinders is deur die middelaarswerk van Jesus Christus, dat ons Hom liefhet en aan Hom en sy wil meer en meer gehoorsaam wil wees, dat Hy ons koning is, dat Hy oor ons lewe en oor elke stukkie van ons bestaan die heerskappy voer, dat sy heilige Woord en beginsels die hoogste gesag in ons bestaan en lewe uitmaak en dit bepaal; hoe kan die skool en ons kinders se onderwys en opvoeding dan nie Christus-gesentreerd wees nie? Hoe kan dit dan nie die kern van ons skool se visie vorm nie? Nou die vraag: Hoe lyk ons skole se visie en/of filosofiese stellings? Die groot en belangrike vraag is of 'n skool se visie (en die skool self) as Christelik beskryf kan word, terwyl geen melding van die kern van die Christelike geloof en die beginsels daarin gemaak word nie? Wat ek duidelik wil stel, is dat ons nie die begrip 'Christelik' maar net los en vas en hier en daar kan rondslinger en ligtelik kan gebruik asof dit op sigself die volle prentjie van Christelike onderwys weergee nie. Dis amper om te sê ek vier Kersfees, maar sonder Christus of sonder om by die kern van Kersfees en die betekenis daarvan uit te kom. Ongelowiges vier ook Kersfees, maar op 'n sekulêre (wêreldlike) wyse.

Dit behoort tog duidelik te wees dat 'n skool se visie die totale skool se beplanning en aksies behoort te rig, ingesluit die onderskeie verhoudingstrukture wat vasgestel is. Kortom, as ons van verhoudings praat, is die vertrekpunt, wat alle ander verhoudings gaan rig, die verhouding met God-Drieënig – ons vertikale verhouding. As ek bely dat ek 'n Christen-gelowige onderwyser is, hoe lyk my verhouding of wat kenmerk my verhouding of wat is die inhoud van my verhouding met God? Volgens my is dit immers duidelik dat Christelike onderwys tog nie moontlik is as die onderwyser nie 'n belydende Christen is nie. Dit impliseer tog 'n spesifieke beskouing en dit beteken dat onderwys en opvoeding alleen in noue verwantskap en in noue verbintenis met, en verwysing na God kan plaasvind.

Kom ons kyk na 'n klompie visiestellings van skole of vorme daarvan om 'n idee te vorm van sekere uitgangspunte (ek noem vir die voor handliggende redes nie die skole se name nie):

Skool A: By Laerskool ... glo ons dat uitnemendheid by omgee begin en dat kinders in 'n positiewe omgee omgewing floreer.

Skool B: We as educators strive to develop ... Primary to the school of excellence ... where every learner will be given maximal opportunities to develop in a safe and stimulating school environment.

Skool C: Om onderwys en onderrig te transformeer om, binne 'n veranderende wêreldwye ekonomie en samelewing, ons leerders te bemagtig om verantwoordelike burgers te word.

Skool D: The vision of ... is to provide quality education and nurturing for every learner so that they can optimally develop their potential. ... strives towards delivering independent, well-balanced, bilingual young men with the necessary background, healthy human relations and positive values, to the community and the country. Discipline is strictly adhered to when dealing with the implementation of school rules and the respect of educators and other adults at all time. We strive to achieve excellent results academically, culturally as well as in the field of sport. Loyalty towards the traditions of ..., create a happy and secure environment in order to enable our ... (learners) to make a responsible contribution towards strengthening the societies of South Africa as well as abroad.

Skool E: We believe the purpose of education is to empower every person with equal opportunities to achieve their potential as individuals and members of society. We further believe that quality education is the cornerstone in the development of strong leaders and responsible citizens who will positively impact the economy, environment and society. Our vision is to make education at ... accessible to more learners ... . Our value system is based on four pillars: Child-friendliness; Positive discipline; Christian values (ethics and morals); Creative thinking.

Bostaande visiestellings en/of filosofiese uitgangspunte klink baie mooi en kan 'n mens sekerlik meesleur en beïndruk. By laasgenoemde skool (skool E) sou dit sekerlik vele kon beïndruk en kon aanmoedig om hulle kinders by die spesifieke skool in te skryf, veral as gehoor word dat Christelike waardes met verwysing na die etiese en morele geld. Maar waar is God in hierdie prentjie? Nee, ons moet mooi dink en ons moet diep dink. Ja, natuurlik, God kan nie ingeperk word nie. God bly

Vervolg op bl. 13

Die onderwyser as kurrikuleerder

Opgestel deur Pieter Bisschoff

Doelwit

Die meeste onderwysers sien kurrikulering nie as deel van hulle opdrag nie. En tog vereis die Here van elke onderwyser om onderrig vanuit 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing te gee. Om te verseker dat leerlinge leer wat waar en reg is, moet elke onderwyser as kurrikuleerder in sy of haar eie vakgebied optree.

Is 'n onderwyser slegs 'n tegnikus?

Onderwysers word dikwels daarvan beskuldig dat hulle tegnici geword het wat departementele beleid nougeset toepas. Talle kontroles en administratiewe take dwing onderwysers om die neergelegde voorskrifte sonder enige nadenke te implementeer. Die groot werklading op onderwysers verhoed hulle voorts om enige addisionele werk te verrig. Die sillabus van owerheidskant, en nie meer die onderwyser nie, bepaal wat om te onderrig asook wanneer jy dit moet onderrig. Hoewel daar meriete daarin is dat die owerhede minimum standaarde vir onderrig neerlê, het dit ongelukkig tot gevolg dat baie onderwysers slegs dit doen wat die owerheid van hulle vereis.

Die meeste onderwysers sien kurrikulering glad nie as deel van hulle taak nie. Die samestelling van 'n kurrikulum is na hul oordeel iets wat by die Departement van Basiese Onderwys tuishoort. Sogenaamde deskundiges wat oor klomp grade beskik, moet die taak verrig. Hoewel kurrikulering geen maklike taak is nie en deskundiges beslis 'n rol in die samestelling van die kurrikulum kan speel, neem dit nie die onderwyser se verantwoordelikheid weg om ook te kurrikuleer nie. Voor die Here bly die persoon wat die leerlinge onderrig verantwoordelik vir dit wat hy of sy aan die leerlinge onderrig. Daarom is dit belangrik dat onderwysers weer hul verantwoordelikheid in die verband moet besef.

'n Graad twaalf Biologie-onderwyser mag byvoorbeeld nie die ewolusieteorie aan sy leerlinge onderrig sonder om hulle daarop te wys dat dit 'n teorie (menslike denke) is nie. Eerlike wetenskapbeoefening vereis dat onderwysers ook vir hul leerlinge van ander teorieë rakende die oorsprong van alle dinge moet vertel. Gelowige onderwysers sal voorts aan die leerlinge uitwys dat teorieë met verloop van jare kom en gaan, maar dat God van ewigheid daar was en tot in ewigheid daar sal wees. Anders as menslike teorieë bly die openbaring van God ewig staan. 'n Soortgelyke kritiese ingesteldheid moet ook in alle ander vakgebiede heers. Dit vereis 'n deeglike kennis van dit wat bestudeer word, maar ook 'n studie van dit wat God oor die betrokke aspek openbaar. Slegs deur toewyding en harde werk kan daar na behore oor sulke vraagstukke besin word. Dan is die onderwyser nie bloot net 'n tegnikus wat die voorgeskrewe handleidings insigloos volg nie, maar wel 'n nadenkende persoon wat vanuit Bybelse begronding onderrig.

Die kurrikulum spruit uit die gemeenskap se denke

Almal van ons is goed vertroud met die beeld van 'n trein wat slegs kan beweeg in die rigting waarheen sy spore hom lei. Hierdie beeld kan help om die rol wat die kurrikulum speel beter te verstaan. Net soos die passasiers 'n verwagting het om hul bestemming veilig te bereik,

het skoliere ook die verwagting dat dit wat hulle op skool leer, hulle na behore sal toerus om die volwasse wêreld in geloof op die Here, te betree. Leerlinge vertrou onderwysers om hulle veilig by die regte bestemming te bring.

Die rigting waarin die "spore" lei, sal bepaal waarheen leerlinge in hul denke ontwikkel. As die kurrikulum 'n kapitalistiese onderbou het, sal die leerlinge in die reël geneig wees om welvaart na te jaag, maar as dit 'n sosialistiese onderbou het, is die kans groot dat hulle die belange van die gemeenskap voorop sal stel. Baie ouers en onderwysers staan dikwels verstom oor die wyse waarop hul kinders dink of optree. By nadere ondersoek blyk dan dat leerlinge maar net die produk van hul opvoeding is. As 'n leerling byvoorbeeld op skool leer dat hy of sy net 'n gevorderde dier is, moet die onderwyser nie verbaas wees as die leerling soos 'n dier optree nie.

Dieselfde beginsel geld ook ten opsigte van Christelike onderwys.

As leerlinge van jongs af leer dat hulle nie aan hulself nie, maar aan Jesus Christus behoort, sal dit 'n groot invloed op hul denke en dade uitoefen. Dan vra leerlinge hulself wat die wil van die Here is en tree hulle al meer dienooreenkomstig op. Daarom moet gelowige onderwysers moeite doen om hul leerlinge so te begelei dat hulle deur hul onderrig 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing by hul leerlinge ontwikkel.

Die noodsaak vir 'n Bybelgefundeerde kurrikulum

Die grondwet van 'n land bied in die reël die basis aan die hand waarvan landsburgers hul lewens inrig. Baie Christene plaas selfs hul vertroue in die Grondwet om hul regte te laat seëvier. Dit is egter dwaas om jou vertroue op iets so verganklik soos 'n land se grondwet te plaas. Al stem die Suid-Afrikaanse Grondwet byvoorbeeld in sekere opsigte ooreen met die Woord van God, soos dat die steel van 'n ander persoon se besittings strafbaar moet wees, druis dit in ander aspekte weer direk teen die wil van God in. Die grondwet bepaal byvoorbeeld dat alle gelowe gelykwaardig aan leerlinge onderrig moet word. Dat aandag gegee moet word aan allerlei godsdienste, is reg. Maar dit mag nie gedoen word sonder om leerlinge daarop te wys dat daar net een ware God met gesag is nie. In sulke gevalle, soos in alle aspekte van 'n Christen se lewe, moet die Bybel en nie die grondwet nie, ons lewens rig.

Die Suid-Afrikaanse onderwysbedeling is 'n goeie voorbeeld van hoe die Grondwet die praktyk rig. Die owerheid bepaal deur wetgewing, regulasies en beleid watter uitkomste leerlinge moet bereik om van hulle goeie landsburgers te maak. As die strewe na nasiebou vereis dat leerlinge meer van ander persone se geloofsoortuigings moet leer, word die inhoud van die vak Lewensoriëntering so herskryf dat leerlinge van graad 1 tot 12 aan godsdiensgelykheid blootgestel word. Die Grondwet bepaal selfs of leerlinge vrywillig aan godsdiensaktiwiteite gedurende skoolure mag deelneem al dan nie. So asof die Grondwet kan bepaal of God in skole tuishoort of nie.

Gelowige onderwysers moet sorg dra dat die Woord van God hul optrede bepaal. Al bly die basiese kernelemente van onderwys soos lees, skryf en reken presies dieselfde, kan die bril waarmee jy na hierdie vaardighede kyk, en alles wat rondom die onderrig daarvan gebeur, drasties verskil. Vir die gelowige is die bemeestering van kernvaardighede nooit 'n doel op sigself nie. Dit is sleg 'n middel tot 'n hoër doel, naamlik om God daarmee te dien en die naaste lief te hê. 'n Leerling wat geroepe voel om medies te gaan studeer, sal daarom moeite doen om goed in Wiskunde te presteer, nie vir die aansien of welvaart wat die beroep moontlik kan inhou nie, maar om God en die naaste daardeur beter te kan dien.

Hoe lyk 'n Bybelgefundeerde kurrikulum?

Salomo skryf in Spreuke dat die vrees van die HERE die fondament van alle kennis is. Daarom kan 'n gelowige onderwyser nooit besig wees met sogenaamde "neutrale" wetenskapbeoefening nie. Wie nie Jesus Christus as die bron van alle kennis wil erken nie, tree dwaas op. Waarheid is nie, soos sommige akademici dink, bewysbare stellings wat op navorsing berus nie. Die waarheid is 'n Persoon, Jesus Christus. Dit leer Christus ons wanneer Hy verklaar dat Hy die weg, die waarheid en die lewe is. In, deur en op hierdie waarheid moet gelowige onderwysers hul kurrikulum bou.

'n Kurrikulum wat Christus as hoof oor alle dinge erken, is altyd normatief. Dit wat God van Homself in en deur elke vakgebied openbaar, moet aan alle leerlinge onderrig word. 'n Christelike kurrikulum het daarom alleen gesag as leerlinge leer om God se hand en almag in alles raak te sien. Die aanhaal van 'n Bybelversie, soos dat Jesus vir elkeen van julle (die leerlinge) liefhet, maak nie van 'n les 'n Bybelgefundeerde les nie. Hoewel daar beslis 'n tyd en 'n plek is om Jesus Christus se liefde vir sondaars met die leerlinge te bespreek, moet daarteen gewaak word dat sulke opmerkings oppervlakkig en onvanpas oorkom. Sulke onvanpaste opmerkings wek dikwels by leerlinge 'n weersin teen Christelike onderwys.

In die Evangelie van Matteus leer Jesus Christus sy dissipels dat elke persoon wat die Skrif bestudeer ou en nuwe dinge na vore sal bring. Hierdie beginsel geld in besonder vir die samestelling van 'n Christelike kurrikulum. Onderwysers wat moeite doen om die norme wat in sy vakgebied na vore tree, te deurdink, sal ook ou en nuwe dinge na vore kan bring. Dink byvoorbeeld aan die talle norme wat 'n Ekonomie-, Rekeningkunde- en Bedryfsekonomieonderwyser in die Skrif vind oor die ekonomie. Norme soos God se beskerming van die arme, die arbeider wat sy loon werd is en om aan die keiser te betaal wat hom toekom, vorm die basis waarvolgens Ekonomiese wetenskappe onderrig moet word. 'n Christen-onderwyser sal ook besin hoe om hierdie altyd geldende norme in veranderende ekonomiese omstandighede toe te pas. Onderwysers wat hul daarmee besig hou, gee lig aan 'n donker wêreld.

Vervolg op bl. 17

Onderwys: Toepassing van beginsels en grondslae

Hugo Hayes

Hierdie bydrae is die tweede gedeelte van die bydrae wat by die Wêreldbeskouing-seminaar van 21, 22 en 23 Julie te Diamantvallei gelewer is

Eerbiediging van die God-gegewe orde en struktuur

Fowler en Van Brummelen

Die Australiese opvoedkundige, Stuart Fowler, stel dat aan die basiese van opvoedkundige praktyk die oortuiging staan dat daar ’n gegewe orde aan die grond van ons ervaring van die werklikheid is; dat orde en struktuur nie blote verskynsels van menslike waarneming is nie. Hy verwoord dit soos volg: “Directed by our Biblical religious principle ... we are compelled to the conclusion that the order of the world of our experience is a religious order. It is the order given and maintained by the Word of the Creator and Redeemer. As such, the key to understanding is not to be found within science or reason or intellectual concepts ... It is to be found only in faith ...”

Bybelse grondmotief

Ek stel vervolgens ook die Bybelse grondmotief, in teenstelling tot grondmotiewe van ’n nie-christelike aard. Ons onderskei wat die Bybelse grondmotief betref op die basis van skepping, sondeval en verlossing, wat die beheersende motief vir die Christelike lewens- en wêreldbeskouing is en ’n eenheidsgrond daarstel. Ewe-eens staan dit in religieuse teenstelling tot die grondmotiewe van ander nie-christelike/afvallige beskouinge wat ’n dualistiese spanning in hulself huisves waaraan hulle nie kan ontkom nie, waarvan o.m. die humanisme en liberalisme en ander ideologieë.

Die samelewing en al die terreine daarvan

In die besinning oor ’n onderwysmodel moet daar deurgaans met die samelewing in sy breedste en met insluiting van al die terreine daarvan rekening gehou word. Geen onderwys is van so ’n aard dat dit die samelewing nie in al sy diversiteit raak nie. Die samelewing word in sy breedste draagwydte deur die soort onderwys wat aan die orde is, geraak. Dit geld sowel Christelike as nie-christelike onderwys, maar waarin dit egter duidelik behoort te wees dat ons in lg. geval met divergerende lewensbeskoulike uitgangspunte te doen het. Christelike onderwys staan teenstellend/antiteties tot sekulêre onderwys, daarom mag met lg. geen gemene saak gemaak word nie.

Daar word derhalwe ook op die wydreikende gevolge van onderwys vir die samelewing gewys, aangesien die individu en die kollektiewe gemeenskap deur die lewensbeskoulike gees en toon soos deur die onderwys gedra en gekultiveer, begeester word, om dit so te stel. Daarom stel VCHO dit in sy missiestelling dat daar in die eerste plek aan die Here Jesus se opdrag in Mat. 28:18 - 20 uitvoering gegee moet word: “Gaan dan na al die nasies ....”. Ons kan dit as die VCHO se breëre missie bestempel, waarin die appèl so wyd moontlik moet uitgaan betreffende die uitdra van die Evangelie (Daar word ook op die engere toespitsinge teruggekom sover dit partikuliere kontekste betref.) Wat voorlopig gestel wil word is dat verantwoordbare onderwys vanuit ’n Bybels-gefundeerde lewensbeskoulike raamwerk, terselfdertyd met die breëre samelewings-kontekste rekening moet hou. Christelike onderwys en wetenskap laat sy invloed na alle kante daarvan geld, hetsy

die bedryf, die sosiale lewe, die estetika, die regslewe, die etiek ens., ten opsigte waarvan ’n normatiewe benadering en uitgangspunt voorgestaan word.

Engere toespitsing

Terselfdertyd is daar ook ’n engere toespitsing in die VCHO-missie waarop die aandag gevestig wil word. Dit word soos volg beskryf: “Om deur die bevordering van Christelike opvoeding, onderwys en wetenskap, toegespits op ons eie volk, persone en instellings te lei ...”. Waarmee die VCHO onomwonde konstateer dat die fokuspunt daarvan uiteindelik ons eie volk sal wees. Die primêre belang van die volkseie word daarmee bevestig, as naamlik dat dit kultureel as die mees geskikte ruimte beskou word waarbinne konsekwente onderwys moet grondvat. Daarom dat ons dit as Christelik kwalifiseer binne ’n besondere volkseiendomlike konteks.

Dringende oproep tot die ouerhuis en onderwysgemeenskap

In oorweging van die voorgaande wil vanuit hierdie seminaar met ’n dringende oproep na die Christelike onderwysgemeenskap gekom word. Menslik ge-

sproke rus daar 'n onmoontlike taak en verantwoordelikheid op elkeen wat op die een of ander wyse by opvoeding en onderwys betrokke is. En tog is dít wat deur God van ons verwag word nie onbereikbaar nie, indien in gedagte gehou word dat wat van ons as lidmate, onderwysers en ouers gevra word reeds vir ons moontlik gemaak is in en deur die Here Jesus in Wie die ganse skepping begrepe is (vgl. in hierdie verband verskeie Skrifdele, maar in besonder Kol. 1 van vers 13 af).

Voorts word aan die onontbeerlike samehorigheid en wisselwerking wat daar tussen die ouerhuis, die kerk en die skool behoort te bestaan, gedink, met behoud van elkeen se gesagsgrense en eiestandigheid. Wanneer die Bybelse beginsels en grondslae waarna vroeër verwys is, van 'n onderling gemeenskaplike aard sou wees, sal die vermelde trilogie van betrokkenes in 'n veel nouer verbondenheid met elkander kan funksioneer. Hoe belangrik ookal bv. die skool, dit kan nie sonder die noodsaaklike basiese opvoeding wat in die ouerhuis moet plaasvind, of die gereformeerde geloofsinhoude wat in die kerk geleer word, na behore opereer nie. Die pleidooi is derhalwe dat daar in oorweging van 'n voorgestelde nuwe onderwysmodel weer indringend oor elkeen se besondere begrondheid en betrokkenheid besin sal moet word, ter wille van betekenisvolle samesnoering.

Die ouerhuis en skool in ons volksgeskiedenis

Onshetdituitonsvolksgeskiedenis so dat gedurende daardie tydperke dat die Afrikaner oor 'n eie owerheid beskik het, d.w.s. oor hulleself regeer het, daar aan Christelik-nasionale onderwys voorkeur gegee is. Opvallend verder ook die feit dat daar ouerlike seggenskap oor die opvoeding/onderwys bly behou en uitgeoefen was. En die derde, dat uitgegaan was van die noodsaak aan moedertaalonderwys.

Welke alternatiewe?

Onderwyskundiges sou seker kon vra na die geskiktheid van ons bestaande openbare onderwysbedeling? Sou dit wat vir die Christen-Afrikaner en ander wat dieselfde lewensbeskoulike oortuigings huldig as ideaal gestel word, nie tóg nog binne die bestaande onderwys geïnkorporeer kon word nie? Ten einde 'n betekenisvolle antwoord hierop te probeer bied, was my benadering dat die saak van opvoeding en onderwys wat op Christelik-lewensbeskoulike grondslag geskoei behoort te wees eers op die tafel geplaas word. Gemeet daaraan, kan toehoorders hulle gevolgtrekkings maak betreffende die voorgestelde modellering van 'n bedeling vir konsekwent Christelike onderwys. Vergun my dit egter om die volgende saaklike opmerkings te maak.

Indien ons daaroor eens is dat onderwys 'n onontbeerlike werklikheidsgegewe is, beteken dit nog allermins dat enige soort onderwys maar vir ons kinders goed genoeg sou wees. Dit is trouens, die prerogatief van belangegroepe dat hulle oor die Godgegewe reg beskik om self die besluit oor die soort onderwys van hulle keuse te kan neem; die Christen-Afrikaner nie in die minste nie. Hierdie uitgangspunt is gebaseer op die pligte en verantwoordelikhede soos aan ouers opgedra en toevertrou, wat die opvoeding van hulle kinders betref, waarby inbegrepe die keuse t.g.v. die soort onderwys, wat vir die Christen nie anders kan nie as op Bybelse beginsels gegrond te wees.

Sedert die oorgang na 'n nuwe staatkundige bedeling vir Suid-Afrika word hierdie reg die ouer egter almeer misgun en hulle dit selfs ontneem, aangesien die staat dit homself toenemend toe-eien. Waarskynlik onder die indruk dat die oorgang na 'n nuwe bedeling geleenthede vir 'n vermeende vernuwing van die onderwys sou kon bied, het die meerderheid ouers met die aanbreek daarvan hulle heelhartige steun daaraan verleen. Sedertdien blyk dit allermins die geval te wees dat daar vernuwende elemente geïnkorporeer sou wees. Inteendeel: die posisie van die ouer en spesifiek die Afrikaner-ouer het geleidelik versleg. Hulle staan gekonfronteer met beleidsrigtings, kurrikula en leerinhoude waarmee daar hoegenaamd nie meer vereenselwig kan word nie.

Voorts moet die volgende gestel word: geen onderwys-gemeenskap wat hom op geloofsgrondslag aan 'n onderwysmodel wil verantwoord kan dit bekostig om nie op die implikasies van Christelike onderwys ag te slaan nie. D.w.s. slegs onderwys wat aan kriteria beantwoord wat na die Woord as grondslag daarvan teruggevoer kan word behoort aanvaarbaar te wees. Die dringende en ernstige oproep by hierdie seminaar is dat oor hierdie kriteria deur die Christen-Afrikaner in ons dag en tyd tot eenstemmigheid gekom sal word. Sedert die oorgang na 'n nuwe staatkundige bedeling het ons nie gesien dat daar enigsins nader aan Christelik-verantwoorde onderwys beweeg word nie. Intussen is die onderwyssituasie in die openbare domein in Suid-Afrika besig om te versleg en hoe langer hoe meer kritieke afmetings aan te neem.

Die SA openbare onderwysbedeling sit per slot van rekening met 'n netelige diskrepansie van ongekende intensiteit en omvang gekonfronteer. Aan die grond daarvan staan nie een sentrale religieuse grondmotief of uitgangspunt nie, maar 'n uiteenlopende pluraliteit daarvan.

Vervolg op bl. 18

Oprigting van eie onafhanklike skole

Johan de Klerk, CVO-Skool Orania

"Buig die boompie terwyl hy jonk is", is 'n bekende spreuk wat deur mense gebruik word. Dit sou beteken dat jongmense sterk beïnvloedbaar is. Dit sou ook beteken dat vaste waardes op 'n jong ouderdom al by 'n kind vasgelê kan word.

Na die Anglo-Boereoorlog is Alfred Milner deur Engeland aangestel om met 'n opbouproses in Suid-Afrika te begin. Een uitgangspunt van die Engelse was om Suid-Afrika te verengels en dan spesifiek die Boere. Engels was nou die amptelike taal. Volgens Milner se onderwysbeleid moes Engels ook die taal van onderrig in die Transvaal en die Oranjerivierkolonie wees, alhoewel Nederlands as vak onderrig sou word. Die leerplan is opgestel om die Boerekinders pro-Brits te beïnvloed. Seshonderd onderwysers is vanuit die Britse Ryk ingevoer om die kinders se koppe te draai en hulle te oortuig van die meerderwaardigheid van die Britse kultuur en taal.

Deur die ywer van die kerke, die Commissie voor de CNO, die Boereleiers, CNO-onderwysers en die koerante soos *De Volkstem* en *Het Westen* het daar sedert die einde van 1902 'n netwerk CNO-skole in die dorpe en distrikte van Transvaal ontstaan. Altesaam was daar in 1904, 172 CNO-skole met 286 onderwysers en 6 958 kinders in Transvaal en in 1905 228 skole, 419 onderwysers en 9 335 kinders. In vergelyking met die staatskole was dit nie indrukwekkend nie. In Junie 1905 was daar 29 456 leerlinge in die staatskole, maar die staatskole kon leerlinge trek met gratis onderwys, skoolboeke, losies en reistoelaes, terwyl die CNO-skole gewurg het weens die ouers se armoede. Geld is ingesamel met basaars en konserte. *Het Westen* berig op 9 Februarie 1906 dat baie ouers in Vrededorp in Johannesburg net 5 sjieling per dag verdien en 1 sjieling per week moes afstaan aan skoolgeld. Milner en die Engelse pers was ontstem oor die vordering van CNO. Die strewe "to preserve the 'taal' from extinction and maintain the burgher population as a separate people" was vir *The Star* teken van 'n diepgewortelde politieke vooroordeel.

Sedert 1994 volg die ANC soortgelyke taktiek as Milner. Staatskole moet 'n sogenaamde godsdiens-neutrale houding hê en die ANC herskryf die Geskiedenisleerplan waaraan alle leerlinge in Suid-Afrika blootgestel word. Al wat hulle nie doen nie, is om die taal van onderrig na net Engels te verander. Dalk slim, want op hierdie manier word Afrikanerkinders in staatskole gehou en blootgestel aan die ideologie van die ANC. Afrikaanse skole word egter al minder, aangesien hulle verplig word om groepe Engelse leerlinge te akkommodeer.

In 1989 herhaal die geskiedenis homself en onstaan die behoefte aan 'n onafhanklike skolebeweging en kry die **Beweging vir Christelike Volkseie Onderwys** 'n paar jaar later, onder leiding van prof. Alkmaar Swart, beslag. Dit is 'n onafhanklike skolebeweging wat Afrikanerkinders binne 'n Christelik-gereformeerde etos en 'n Afrikanerkarakter laat opgroei. Die sillabusse het 'n eie verrykte inhoud en kinders word voorberei om aan die uitdagings wat die toekoms van hulle mag eis, te voldoen. Bybelonderrig word aangebied vanaf gr.0 tot en met gr. 12, het 'n gestruktureerde sillabus en leerlinge word ook daarin geëvalueer. Matrikulante

skryf die hoogaangeskrewe IEB-eksamen en oud-skoliere is baie suksesvol op tersiêre vlak en vind hulle tuis in 'n verskeidenheid van beroepe in die samelewing. Sport- en kultuurbyeenkomste word aangebied, ten einde leerlinge in staat te stel om as geheelmense te ontwikkel.

Tans is daar 28 CVO-skole in die land bestaande uit ongeveer 2 700 leerlinge. Slegs in KwaZulu-Natal en in die Wes-Kaap is daar nie 'n CVO-skool nie. Die BCVO-hoofkantoor is in Pretoria geleë en dien as sambreelliggaam wat skole akademies ondersteun en wat help om georganiseerde sport- en kultuurbyeenkomste daar te stel. Vele kermisse, konserte en pannekoekstalletjies het ook soos in die vroeë 1900's gehelp om CVO-skole op die been te bring en vandag nog aan die gang te hou, sodat die BCVO sy leuse gestand kan hou: "**Ter wille van ons kinders: tot eer van God**".

Bronnelys:

FAK: Afrikanergeskiedenis.co.za

Geskiedenis van 'n eie onderwysbedeling – BCVO – Beweging vir Christelik Volkseie Onderwys.

Visagé, M: BCVO Geskiedenis Handboek gr. 6.

Vervolg van bl. 5: **Christelike roepingsvervulling en barbarisme**

dat ek die erfdeel van my vaders aan u sou gee!" Nadat die tiran, Agab, se trawante vir Nabot met klippe doodgegooi het, kondig die Here by monde van Elia die oordeel van God aan: "Kyk, Ek gaan onheil bring oor jou en jou skoon wegvee; en Ek sal van Agab uitroei al wat manlik is in Israel, sonder uitsondering." Die kragtige standpuntinname en getuienis van die gelowige Christen beskik oor groot krag – selfs om tiranne tot 'n val te bring.

Waar Suid-Afrika staan op die rand van 'n donker afgrond en onsekerheid en twyfel die inwoners van die land in ongeloof en vertwyfeling dompel, staan die getuienis van ons anker in die storms: Jesus Christus ons Heiland en Saligmaker. In 1 Korintiërs 3: 10-12 verseker Paulus die gelowige Christene wat in onseker tye leef: "Volgens die genade van God wat aan my gegee is, het ek soos 'n bekwame boumeester die fondament gelê, en 'n ander bou daarop; maar elkeen moet oppas hoe hy daarop bou" en "Want niemand kan 'n ander fondament lê as wat daar gelê is nie, dit is Jesus Christus." Watter duistere en onderduimse planne die ANC, of watter ander aardse mag ook al mag maak of welke stappe hul ook al mag neem, ons het die Bybelse versekering dat dit nie kan standhou, indien dit nie op Christus gebou is nie.

Vir diegene wat ootmoedig voor God hul aandeel aan die huidige aftakeling, ineenstoring en verval van beskawing betreur, is daar die versekering dat die Here naby is: "Die HERE is naby die wat gebroke is van hart, en Hy verlos die wat verslae is van gees." Alle Christengelowiges kon meer gedoen het om te verhoed dat 'n vorige politieke bedeling onder vlae van geloofsverduistering die land en sy mense op 'n skinkbord aan 'n georganiseerde misdaadkartel oorgegee het. Maar vir diegene wat met God oor ons sondige vertwyfeling in 1994 geworstel het en nou deur die Gees gepak die onreg ongedaan wil maak, staan daar in Psalm 34:16-18: "Die oë van die Here is op die regverdiges, en sy ore tot hul hulpgeroep" en "Die aangesig van die Here is teen die kwaaddoeners, om hulle gedagtenis van die aarde af uit te roei. Hulle roep, en die HERE hoor, en Hy red hulle uit al hul benoudhede."

Die Here sluit nie sy oor vir Christen-gelowiges wat in opregtheid hul sonde bely en pleit op God se verbondstrou nie. Toe die imperiale bedreiging in September en Oktober 1899 in die gedaante van die Britse imperiale troepe teen die twee gewese Boererepublieke optrek, doen president M.T Steyn op grond van die verbondsgeloof van sy mense die oproep: "Staan op teen die onderdrukker en die skender van die Reg!" Die gelowige durf nie stilswyend toekyk hoe die wingerd van God geplunder; hoe Christelike onderwys vernietig word en die geloofsruimte van die gesin se verbondsonderrig krimp nie; die gelowige durf nie toelaat dat die leuen seëvier en vroom mense deur die president van die land valslik beskuldig en verneder word nie; gelowiges durf nie toelaat dat die Christelike belydenis verdwerg word of selfs uitgewis word in die publieke lewe deur 'n regering wat die onbybelse weë ingeslaan het en hul nie steur aan die Wet van God en Sy Gebod nie; gelowiges durf nie toelaat dat publieke geregtigheid versmoor word deur 'n misdaadkartel wat paradeer onder die vaandel van Grondwetlike bepalings nie; gelowiges durf nie toelaat dat 'n Christelike beskawing en al die seëninge wat verbondsvoorgeslagte vir ons nagelaat het, deur materialiste en geweldenaars vernietig word nie. Laat ons in ons stryd teen magsugtige selfverryking nooit vergeet nie: "Want die weë van die HERE is reg; en die regverdiges sal daarop wandel, maar die oortreders daarop struikel!"

Terwyl ons treur oor die aftakeling, verval en vernietiging onder die politieke magsug van die ANC, laat ons terselfdertyd in ootmoedigheid voor God leef en in gehoorsaamheid voor Christus buig – aan Wie alle mag in hemel en op aarde gegee is en regeer tot in ewigheid (Psalm 2).

Vervolg van bl. 7: **Visie vir Christelike onderwys**

in beheer en regeer soewerein, ook oor die skool en sisteem wat nie aan Hom die eer ten opsigte van die ingesteldheid, beplanning en aksies bring en na sy wil soek nie. As ons as skool deur ons visie Christelike waardes verkondig (of sydelings daarna verwys), hoe verkondig ons dit sonder om Jesus Christus in die sentrum te plaas en wat Hy vir ons as Christen-gelowiges deur sy middelaarswerk bewerk het? Hoe koppel ek die begrippe met betrekking tot Christelike waardes sonder om by die 'Christ'-gedeelte uit te kom en hoe hierdie 'gedeelte' – die grond van alles – die res van die kurrikulum (dit is in hierdie geval bedoel as die totale aanbod van die skool) deursuur? Die volgende aanhaling behoort tereg ons as Christen-gelowiges intens besig te hou wanneer ons oor ons kinders se onderwys en skool dink (en nie soseer die tradisie, profiel, status van die skool in die gemeenskap en/of oë van die wêreld nie): "The ground

Vervolg op bl. 16

Die Bybel in Afrikaans

Hugo Hayes

Bydrae gelewer op 28 Augustus tydens die erediens van die Evangelies-gereformeerde Kerk, Bloemfontein

Die verskyning van die Bybel in Afrikaans moet sonder twyfel as ’n uitsonderlike gebeurtenis in ons volkslewe gesien word. Wanneer ons as Christen-Afrikaner kerkvolk oor die groot dade van God-Drieënig in die bestaan van ons volk moet getuig (soos dit hoort), mag 27 Augustus 1933 nie vergeet word nie, al is daar ook ander datums en gebeure van besondere historiese betekenis. Hierdie dag is trouens ’n bevestiging van die genade en die voorsienigheid deur God aan die Afrikanervolk bewys, wanneer daaraan gedink word dat selfs in ons dag en tyd daar steeds tale is waarin die Bybel nog nie oorgesit is nie. Ons volk is inderdaad begunstig en bevoorreg.

Op hierdie besondere dag 89 jaar gelede, sien ons in die geestesoog die Afrikaner as ’n Christelike geloofsgemeenskap daar in die ou Marksaal van Bloemfontein byeengebring, in dankbare ontvangs van hierdie grootse geskenk. Die uitnemende gawe van die Woord van God in ons eie taal. Wat ’n wonderlike beskikking uit die hand van die Here. En dit gedurende ’n tydsgewrig waarin dit op ander gebiede (ekonomies, staatkundig, ens.) nie regtig met ons volk so goedgegaan het nie. Dit was trouens midde-in ’n tyd van droogte en depressie, toe daar andersins, wat die ekonomiese, politieke en ander vooruitsigte betref, min was waaroor opgewonde geraak sou kon word.

Desondanks word ons die veelseggende getuienis meegedeel oor hoedat ons volk op daardie dag die Bybel in Afrikaans in ’n gees van uitbundige blydskap en opgewondenheid ontvang het. ’n Mens sou, in ag genome die gemelde faktore, met reg kon vra maar waarom? Wat sou die diepere beweegredes wees dat in sulke andersins neerdrukkende omstandighede die ontvangs van die Bybel in Afrikaans in daardie gesindheid van dankbare erkentlikheid teenoor die Here plaasgevind het? Sodat die klaarblyklike gevolge daarvan was dat die eerste besending Bybels so vinnig uitverkoop het, dat dit spoedig aangevul moes word.

Die antwoord hierop na beskeie oordeel, sou soos volg gemotiveer kon word. In die hart van ons Afrikanervolk binne die geloofsgemeenskap het die innerlike hunkering na die Woord van God in eie taal aldeur lewend gebly. En die godsdienstige, kulturele en ander omstandighede tydens daardie tydsgewrig van ons volksbestaan sou as bydraend daartoe gesien kon word. Na net meer as 280 jaar sedert volksplanting, het die gebruikstaal mettertyd vanuit die Nederlands na Hollands-Afrikaans na eg Afrikaans oorgegaan en het die Nederlands as taal sy gebruikswaarde grootliks verloor. Geskiedskrywing meld, bv., dat teen die begin van die 20ste eeu die grootste gedeelte van die bevolking aan die Kaap die *Nederlandse Statebybel* nie meer kon verstaan nie en dit gevolglik in onbruik geraak het. Die behoefte aan ’n Bybel in die eie taal het teen hierdie agtergrond al hoe dringender geword.

Ons glo dat dit onder die beskikkende hand van God was dat ons volk gedurende daardie tydperk van ontgroeiing van die Nederlands en die geleidelike oorgang na Afrikaans desondanks nie geestelik verwilderd geraak het nie. Aangesien in die Binneland, in die Oranje-Vrystaat en die Transvaal daar steeds aan die *Nederlandse Statebybel* vasgehou was en dit tot seën van die huisgesin en die Christelike skool. Dwarsdeur die baie moeilike fases waardeur ons gelowige voorgeslagte gegaan het was dit die Woord van God waaruit hulle die besieling, die krag en die waarheid geput het betreffende die inrigting van die huisgesin en die opvoeding en onderwys van hulle kinders. Die Woord het as die grondslag gedien vir die volkslewe en die opvoeding en onderwys in die gesin en skool was die kragpunte daarvan. Selfs gedurende die uiters moeilike tydperk van die Anglo-Boereoorlog het die Woord van God as inspirasie gedien dat daar voortgegaan sou word met die instandhouding van die Christelike huisgesin. Die moeders wat met hulle kinders na die konsentrasiekampe weggevoer was, het hulle Bybels en Christelike leerstof met hulle saamgeneem. Daar, in die konsentrasiekampe, was met die Christelike opvoeding van hulle kinders voortgegaan, ten spyte van die haglike omstandighede. So neem ons dan ook kennis van die vrug daarvan wanneer ons kyk na die lewens van mense soos dr NJ van der Merwe wat as klein seuntjie te Norvalspont in die konsentrasiekamp was en later as leierspersone in ons volkslewe na vore getree het. Deurentyds kan ons sê, het die geestelike behoefte aan die Brood van die Lewe in die hart van ons volk lewend gebly.

Dit moet na my beskeie oordeel daaraan toegeskryf word dat ons volksplanting binne die skering en inslag van die Calvinistiese of Protestantse belydenis en

lewensoortuiging tot stand gekom het. Ons Protestantse voorgeslagte het die Woord van God nie tot die domein van hulle privaatlewens ingeperk nie. Hulle ingesteldheid was ook nie dat die Woord beperkte gebruikswaarde slegs vir Sondae sou hê nie; dat die gesag van die Skrif m.a.w. gerelativeer word nie. As nasate en voortdraers van die Reformasie was dit hulle oortuiging dat die Woord van God sy volle krag en gelding ten opsigte van al die geledinge van die volkslewe moes uitoefen, d.w.s. die ingesteldheid van die Calvinisme.

Dieselfde ingesteldheid wil ek waag om te sê wat by die Genootskap van Regte Afrikaners waarneembaar was. En die rede waarom die GRA in die nadenke te berde gebring word, is omdat ons die eerste openlike aandrang op 'n Bybel in Afrikaans by die GRA aantref reeds so vroeg as 1875 en daarna. En nie alleen dit nie, maar dat die GRA as een van sy uitgesproke oogmerke – 'n mens sou dit waarskynlik as ván die belangrikste kon beskou – dat hy hom daadwerklik vir die oorsit van die Bybel in Afrikaans uitgespreek en begin beywer het. En al is dit so dat dit eers in 1933 werklik daartoe gekom het, neem dit niks weg van die voortstuwende ywer wat deur die GRA deur die *Eerste* en *Tweede Taalbewegings* heen aan die gang gesit is nie. Dit sou derhalwe gepas wees dat op hierdie dankdag wat vóór alles aan God gewy word, daar volle erkenning aan die volhoudende werk van die GRA gegee word.

Waarby verder uitgekom wil word is dat daar nog veel meer in die verskyning van die Bybel in Afrikaans ingelees moet word. Ons is ons terdeë bewus van die ontwikkeling van ons taal tot by die moment dat daar amptelike erkenning daaraan verleen was in 1925. Die taal het 'n onvermydelike ontwikkelingsgang moes deurloop deur die *Eerste* en *Tweede Taalbewegings* heen en die merkwaardige status bereik dat dit mettertyd ook vir die onderwys en wetenskap funksioneel geword het. Iets wat nie van die gelyklopende ontwikkeling van die ander inheemse tale van ons land verklaar kan word nie. Terselfdertyd het ons volk in hulle godsdienstige en kulturele ontwikkeling 'n hoogbloei begin beleef. Faktore wat waarskynlik alles daartoe meegewerk het dat die Vrystaatse Sinode van die NG Kerk in 1916 die besluit geneem het dat aan 'n Bybel in Afrikaans gewerk moes word. 'n Kommissie is met die oog hierop benoem wat dit in samewerking met die Gereformeerde Kerk moes aanpak.

Daarná kon onvermoeid aan die Bybelvertaling voortgewerk word. Daar is hoofmomente, soos dié in 1922, wat 'n beperkte proefuitgawe opgelewer het. Die belangrike was dat met die voorlopige verskyning daarvan (1922) dit duidelik geblyk het dat ons Afrikanervolk met verlange uitgesien het na die Bybel in hulle moedertaal. Daar is gevolglik heeltydse vertalers en eindvertalers benoem; ook taaladviseurs. Die werk het momentum begin kry en ons is ons van ondermeer die fenominale bydrae van 'n Totius bewus, benewens dié van die ander bekende vertalers. Die verskyning van die Bybel in Afrikaans in 1933 moet inderwaarheid as 'n hoogtepunt van die *Tweede Taalbeweging* gesien word, waardeur die oorspronklike ideaal van die GRA tot verwesenliking gekom het.

Dit bring ons by die dieper en groter betekenis van die verskyning van ons Bybel in Afrikaans. En wanneer dit alles in oënskou geneem word, kan 'n mens nie anders nie as in verwondering te staan oor hoedat die Here in sy wysheid oor al hierdie gebeure in ons volkslewe beskik het en steeds beskik, wil 'n mens byvoeg. Des te meer wanneer ons ons bewus is van die afnemende invloed van die *Nederlandse Statebybel* teen die einde 19de/begin 20ste eeu in ons kerklike en volkslewe, selfs al was daar nog diegene wat getrou aan daardie besondere Bybel vasgehou het.

Teen die agtergrond van die voorgaande oorwegings sou met stelligheid verklaar kon word dat kerk en volk teen die tyd van die verskyning van die Bybel in Afrikaans 'n stadium van gereedheid bereik het wat die voortgang van die godsdienstige en kulturele lewe betref. M.a.w. 'n stadium in ons kerklike en volkslewe waarin die onmisbare invloed van die Woord van God sy verdere seënryke voortgang sou moes neem, wat as deurslaggewend en bepalend beskou kan word vir die ontwikkeling wat daarna sou volg. Ontwikkeling wat na beskeie oordeel nie sonder die verskyning van die Bybel in Afrikaans in ons kerklike en volkslewe sou plaasvind nie.

Ons bemerk dit inderdaad in die historiese verloop wat op die verskyning daarvan gevolg het. Ons kan ons hierin heelhartig met die standpunt van 'n Luther vereenselwig, nl. dat die Bybel in die eie volkstaal tot mense moet spreek ter bevordering van die geloofslewe. Daarin is die hart en gemoed ontvanklik vir die tyding van Gods heil in menselewens, soos wat dit ook ons volk beskore was en steeds is. Dat naamlik, die begeerde nuwe lewe onder die heerskappy van die Here Jesus ook tot in die harte van ons eie mense sou deurbreek met aanhoor van die Evangelietyding. En dat van daaruit, die grondliggende Bybelse leer onvermydelik na die kerklike en onderwys-terreine van ons volkslewe sou deurwerk, tot die lof en heerlikheid van God.

Vervolg op bl. 20

Vervolg van bl. 13: **Visie vir Christelike onderwys**

for the necessity of Christian schools lies in this very thing, that no fact can be known unless it be known in its relationship to God" (Cornelius van Til, in *Foundations of Christian Education*).

Terug na bogenoemde visies by skole. By almal word dit duidelik dat die kind in die sentrum staan en dat die omgewing daarvolgens ingerig moet word om tot voordeel van die kind te wees (bv: ... dat kinders in 'n positiewe omgee omgewing floreer; ... every learner will be given maximal opportunities; ... ons leerders te bemagtig ...; ... to provide quality education and nurturing for every learner so that they can optimally develop their potential; ... to empower every person with equal opportunities). En ja, sonder kinders binne die fisiese skoolomgewing kan daar nie werklik van onderwys sprake wees nie. (Dit sal interessant wees in watter mate en wyse die sogenaamde aanlyn-leer via die internet inwerk op onderwys en opvoeding). Die beginsel van 'teenwoordigheid' om onderwys te laat plaasvind, geld tog ook vir die onderwyser in sy/haar begeleidende taak en plaas dus ook hom/haar in die sentrum. So ook die ouers wat hulle verantwoordelikheid betref.

Die visie van 'n Christelike skool begin egter by God. Dit is 'n erkenning en belydenis van God se soewereiniteit, van sy gesagvolle Woord, van Christus se heerskappy oor ons totale lewe, en die Heilige Gees se kragtige werking ten opsigte van alle lewensverbande en die lewe. Maar die visie rig ook aspekte soos bestuur, leierskap, onderrig, dissipline, strategiese beplanning, personeelontwikkeling, beleidsvorming, en so meer. Dit is God wat sy kinders wys op hulle verantwoordelikheid en roeping om ander te bemoedig en met hulle gawes tot God se eer te dien. God bring die mens as die kroon van die skepping na vore en lig hom uit en stel hom aan en rus hom toe en lei hom op die weg. God neem die inisiatief! Daarom is Christelike onderwys eerstens Christus-gesentreerd. Hy wys die beginsels en weg aan. Hierteenoor toon die inhoud en beskrywing van bogenoemde skole se visiestellings 'n baie sterk sekulêre humanistiese ingesteldheid en karakter. Belangrik om te onthou dat 'n Christelike visie vir 'n skool antiteties (teenstellend) werk om filosofiese denkrigtings en praktyke wat in stryd is met die Bybelse boodskap deur 'n Bybelse wêreldbeeld aan die kaak te stel en terselfdertyd die Bybelse antwoord as korrektief (ter verbetering en regstelling) te bevestig. As voorbeeld deel ek die volgende onderskeiding en hopelik kan u as leser op grond van u eie belewing en ervarings raakpunte eien – Bybelse wêreldbeeld teenoor 'n sekulêre wêreldbeeld:

Bybelse Wêreldbeeld	**Sekulêre Wêreldbeeld**
Die bybelse wêreldbeeld sê: "Al jou inwoners sal leerlinge van die Here wees, en hulle sal altyd vrede geniet" (Jesaja 54:13). Vanuit opvoedkundige perspektief is die volgende beginsels vas en seker:	Die sekulêre wêreldbeeld sê: "Kinders moet geleer word om in hulleself te glo en nie in God nie." Opvoedkundig beskou, is die volgende beginsels van krag:
God is op die troon en heers; Hy is die Verlosser en Here.	Die mens is op die troon; hy is sy eie verlosser.
Voed op en onderrig volgens die denke van Christus. Geestelike en morele waarhede word deur middel van die akademie onderrig en geleer.	'n Kind se kennis, vaardigheid, denke en karakter word ontwikkel, maar sonder God of deur God te ignoreer.
Kinders se natuur en wese is sondig; dissipline word toegepas.	Kinders word van nature as onskuldig beskou; hulle moet vry wees om te ontdek.
Vroeë onderwys wat lees insluit is wys.	Boeke en die skool kan wag. Vroeë onderrig en leer is skadelik.
Voed op en onderrig deur 'n opeenvolging van studieprogramme gekombineer met praktiese toepassing. Leer en doen is van toepassing.	Die kurrikulum draai om die kind en sy ervaring. Leer deur te doen word beklemtoon.
Memorisering, verbalisering en lees skep 'n belangrike basis.	Onderrig en leer volgens die sintuie. Velduitstappies en demonstrasies is die beste.
Die onderwyser-opvoeder dra kennis oor en volgens elke kind se behoeftes.	Die onderwyser is 'n fasiliteerder volgens die kind se begeertes.
Werk-speel as prioriteit is belangrik.	Speel-werk is 'n voorvereiste.
Voed op en onderrig met die oog op Christelike volwassenheid.	Laat die kinders kinders wees.

Net nog iets oor die antitetiese waarde van 'n Christelike skool se visie. U as leser kan vergelykenderwys self bepaal of bostaande visiestellings van skole genoegsame ruimte gee om vanuit Bybelse lig dit wat in stryd is met God se Woord te identifiseer en die Bybelse antwoord te bevestig. Die Christen-gelowige onderwyser/-skoolhoof/-departementshoof/-beheerliggaamlid mag wel op grond van sy/haar ingeskerpte geloofbeginsels die leuen, die wanvoorstelling, en die skeefgetrekte Woord binne die gegewe kurrikulum, omsendbriewe en byvoorbeeld assesseringsbeleide en ander onderwysgewing herken en antiteties handel, maar dit op sigself maak nie noodwendig die skool in sy wese 'n Christelike skool nie. 'n Christelike skool word vanaf sy ontstaan gekenmerk deur 'n duidelike ingesteldheid en doelgerigtheid om in biddende afhanklikheid die lig van God se Woord deur die krag van die Heilige Gees in sy volheid oor alle fasette waaruit die skool bestaan te laat skyn.

Ek wil afsluit en benadruk hoe belangrik die visie van 'n Christelike skool is, waar God en sy Woord sentraal staan, om soos 2 Timoteus 3 vers 16 tot 17 die volgende te verklaar en te bely: "Elke Skrifdeel is deur God geïnspireer en is nuttig vir onderrig, weerlegging, teregwysing, en opvoeding om God se wil te gehoorsaam, sodat die mens wat aan God behoort, bekwaam kan wees, ten volle toegerus vir elke goeie taak."

Kom ons doen voorbidding vir ons Christen-gelowige kollegas wat elke dag antiteties hulle werk probeer doen en God wil verheerlik. Mag die visie wat God vanuit sy Woord gee elkeen se lewe en dagtaak verlig. Lees die Woord van God, ken Hom meer en meer en leef die beginsels in praktyk dienend teenoor ons kinders en ouergemeenskap uit. Dit alles tot eer en verheerliking van God.

Vervolg van bl. 9: **Die onderwyser as kurrikuleerder**

Die samestelling van die kurrikulum in praktyk

Om 'n Christelike kurrikulum vir die leerlinge in jou klas te ontwikkel, verg nie 'n PhD nie. Dit verg wel toewyding en harde werk. Die struktuur wat die sillabus bied, moet vanuit die Skrif beoordeel en verder uitgebou word. Om dit sinvol te kan doen, is 'n goeie kennis van dit wat God in sy Woord openbaar, nodig. 'n Gelowige wat gereeld die Skrif bestudeer ontwikkel later 'n aanvoeling vir dit wat reg en dit wat verkeerd is. 'n Taalonderwyser sal byvoorbeeld weet dat 'n sekere teks nie geskik is om te gebruik in 'n taalleerles nie. Hy of sy sal eerder 'n teks gebruik wat waar, eerbaar, regverdig, rein of lieflik is. Dit is ook waartoe die apostel Paulus die inwoners van Filippi oproep om hul denke mee besig te hou. Gereelde gebed vir wysheid en insig is onontbeerlik. Vra die Here om aan jou te wys wat Hy wil hê jy aan die leerlinge moet onderrig. Gelukkig is daar ook 'n aantal bronne oor Christelike onderwys wat jy met vrug kan gebruik om jou denke te stimuleer. Deel vier van hierdie reeks handel byvoorbeeld oor die begronding van elke vakgebied vanuit Bybelse norme. Onthou ook dat jy nooit die Here in isolasie dien nie. Gesels met ander gelowiges oor hoe jy jou Christenskap deur dit wat jy onderrig, kan uitleef. Die eenvoudige opmerking van 'n medegelowige kan moontlik nuwe insigte bied wat jy self nooit oordink het nie.

Dit het groot waarde om dit wat jy vanuit 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing ontdek, op skrif te stel. Leerlinge is geneig om dit wat op skrif is as waar te aanvaar, terwyl los opmerkings slegs as 'n persoon se persoonlike opinie gesien word. Deur jou denke noukeurig te verwoord bied ook aan jou leerlinge die geleentheid om dit later weer te oordink. 'n Volgende generasie gelowige onderwysers kan dan op hierdie fondament voortbou. Hierdie taak kan vergelyk word met 'n roos wat oopgaan en meer van sy prag wys. Mag dit so wees dat hulle wat na ons kom nie die werk wat ons moes verrig het hoef oor te doen nie, maar dat hulle eerder nog dieper kan delf in God se mooi en ryke openbaring.

Ter oorweging

Stel 'n lys van punte saam wat jy oordeel belangrik is om in die opstelling van 'n Christelike kurrikulum vir jou vak in te bou.

Daar sou telkens een of meer religieuse uitgangspunte van divergerende aard aan die grond daarvan aangedui kon word. Dit kan kwalik anders as 'n religieus-sinkretistiese bedeling getipeer word, waarin dit onmoontlik is dat die onderskeie denkrigtings wat daarin verteenwoordig word tot 'n eenheidsgrondslag gebring sal kan word. 'n Mens sou kon verklaar dat dit sinkretisme is wat noodsaaklikerwys tot uiterstes gevoer moet word, ten einde 'n gepoogde versoening tussen verskillende (kultuur-) groepe en godsdienstige opvattings te bewerkstellig. Die onderwys-owerhede maak trouens self geen geheim daarvan nie dat hulle onderwysmodel multi-kultureel en multi-religieus van aard is.

Dit bly desondanks steeds 'n ope vraag waarom daar Christelike of Christelik-gereformeerde groeperinge aangetref word wat nou vir 28 jaar reeds aan die *status quo* probeer konformeer, ten spyte van die vermelde problematiek. Reeds byna drie geslagte se kinders/jongmense wat hulle onderwysloopbane voltooi het, het met 'n openbare onderwysbedeling te kampe waarvan die lewensbeskoulike uitkomste bevraagteken moet word. Ons kan nie werklik bepaal welke lewensbeskoulike vorming daar plaas(ge)vind (het) nie, behalwe dat ons na die manifestering van houdings en gedragspatrone in die samelewing kan kyk. Hierdie uitkomste kan nie met meetbare eksamenuitslae geverifieer kan word nie, aangesien die sisteem as nie-tolerant t.o.v. eiesoortige lewensbeskouing beleef word. Opvoedkundig gesien, is die internalisering van 'n Christelik-lewensbeskoulike onderbou van deurslaggewende belang. Maar wat hierdie kriterium betref, weet ons tans nie werklik waartoe ons kinders en jongmense opgevoed en onderwys word nie. Behalwe dat met stelligheid verklaar moet word dat die heersende openbare onderwys dit nie tot Christelike opvoeding en onderwys leen nie.

Christelike onderwys vir die Afrikaner en wie ookal daarom sou vra

Christengelowige Afrikaners staan dus gekonfronteer met die besluit of hulle onbepaald wil voortgaan om aan 'n sinkretistiese onderwysbedeling te wil deelneem. Dit, terwyl die enigste aanvaarbare alternatief soos ons dit uit VCHO-perspektief sien, behels dat daar doelgerig en progressief na onderwys op Christelik-gereformeerde grondslag in volkseie verband, beweeg moet word. Geen gerekende volk of onderwysgemeenskap, kan die belang van Bybelgetroue onderwys bly ignoreer of uitrangeer nie, sonder dat dit metterdaad met ernstige vraagstukke te kampe sal hê. Die vraag wat in ons tyd deur die Christen-Afrikaner beantwoord moet word is of daar langer met die kontemporêre onderwys- en die verwante problematiek huisgehou moet word, wanneer die Christelike alternatief tot ons beskikking is.

In die finale instansie is die onontwykbare vraag wat deur ouers en onderwysers beantwoord moet word die volgende: tot watter eindbestemming word voorsien dat die opvoeding en onderwys ons kinders en jongmense moet bring? Waarmee bedoel word eindbestemming in die Bybelse sin van die woord. Visualiseer ons m.a.w. vir hulle 'n eindbestemming wat bloot wêreldlik van aard is, d.w.s. materieel, of visualiseer ons 'n eindbestemming waarin hulle vir burgerskap van die ewige koninkryk voorberei word? Al sou ons hulle met die beste voornemens toerus wat hulle wêreldlike verantwoordelikhede (kwalifikasies/werkgeskiktheid ens.) betref, maar die perspektief op die ewige koninkryk ontbreek, dan het die opvoeding en onderwys nie in sy doel geslaag nie, maar inderdaad klaaglik misluk.

VCHO-perspektief

Die VCHO beywer hom sedert stigting vir die promovering van Christelike opvoeding, onderwys en wetenskap. Hierdie uitgangspunt berus op die Christelik-gereformeerde lewensoortuiging wat die VCHO sedert sy ontstaan handhaaf en as lewenstaak aan uitvoering gee. Dit is VCHO se oortuiging dat deur die ontplooiing van Christelike onderwys op die kultuureie akker van die Afrikaner, 'n Christelike samelewingsorde tot stand gebring moet word met die wekroep *soli Deo gloria.* Sonder Bybels-verantwoorde opvoeding en onderwys sal hierdie lofwaardige ideaal ons egter steeds ontwyk. Maar dit hoef nie, op voorwaarde dat ons daadwerklik met die tot stand brenging van 'n Christelik-volkseie onderwysbedeling vir die Afrikanervolk 'n begin maak.

VCHO is deurgaans van ingesteldheid dat hy met organisasies wat op dieselfde lewensbeskoulike grondslag staan wil saamwerk. Onderwyskundiges in die Christelik-gereformeerde tradisie word uitgenooi, sodat daar oor die saak van Christelike onderwys indringend besin sal word. Daar moet oor die reeds genoemde belangrike kwessies soos die grondslae vir 'n Christelike onderwysmodel, die kurrikulering en die onderwysinhoude gesprek gevoer word, sodat 'n konsekwent Christelike onderwysbedeling op stewige fondamente gevestig kan word. Dit is die oortuiging dat ons dit aan die nageslag verskuldig is.

Onderwysinhoude deurslaggewend

Daar moet in die bespreking ook 'n opmerking oor die onderwysinhoude gemaak word. Aangesien die geslaagdheid van die voorgestelde onderwysbedeling deur die spesifieke inkleding van die vakinhoude bepaal word, word Christelike vakonderrig as onontbeerlik beskou. Onderwyskundiges in die Christelike tradisie is dit eens dat elke vakgebied wat op skool/aan die universiteit bestudeer word, 'n openbaring van die kennis en wysheid van God is, wat uit die skepping tot ons spreek. Die werklikheid in sy totaliteit en al sy diversiteit moet derhalwe vanuit die Lig wat die Woord van God daarop laat val, bestudeer word. Die aandrang op Christelike vakonderrig is sodat ons kinders en jongmense van hierdie waarheid bewus gemaak kan word, met die oog op die internalisering van 'n Christelike werklikheidsbeskouing, waarin hulle God as die Outeur van die skepping sal erken en verheerlik.

Punte van kritieke belang

Oor die belang van die opvoeding en die betekenis van die onderwys binne enige ontwikkelende samelewing sou daar lange bespreking gevoer kon word. Dit is egter nie die primêre fokus van hierdie bydrae nie. Veel eerder is dit die bedoeling dat die aandag op die kritieke betekenis van die toepassing van lewensbeskoulike waarheids- en werklikheidsgetroue onderwys vir die Christen-Afrikaner gewys wil word, met die uitkringende positiewe uitwerking daarvan op die samelewing. Teen die agtergrond van wat bespreek is, is daar na my beskeie oordeel 'n aantal punte van kritieke belang wat die dringende aandag van die onderwysgemeenskap vereis. Ek wil dit veral langs die kontoere van die volgende punte wat met die oog hierop uitgesonder word, probeer verwoord:

- die noodsaak dat oor die Skrifbeginsels en die spesifieke lewensbeskoulike begronding, ooreenkomstig ons Christelik-gereformeerde belydenis en Skrif-interpretasie, tot 'n eenduidige uitklaring en standpunt-inname in Afrikanergeledere gekom behoort te word, sover dit die onderwys van ons kinders en jongmense betref;
- die noodsaak dat daar voortspruitend tot 'n vergelyk gekom behoort te word oor die bepaalde soort onderwys wat vir die kinders van Christen-Afrikanerouers in vooruitsig gestel word, met volle verrekening van die Bybelse vereistes, asook die eiesoortige kulturele konteks waarbinne dit moet geskied;
- dat voortvloeiend uit hierdie seminaar daar daadwerklik tot 'n program van beginsel oorgegaan mag word, met volle medewerkerskap van geesgenootlike instansies op projekgerigte basis, ten einde aan 'n Christelik-gereformeerde volkseie gebaseerde onderwys-bedeling beslag te mag gee.

Slotopmerking

Ons pleidooi by VCHO ten slotte dus, is die aandrang dat Christelike opvoeding en onderwys op Bybelse grondslag tot 'n saak van eenstemmigheid onder Christen-Afrikaners gebring moet word. Dit is wat ons betref, die enigste gemeenskaplike en verantwoordbare uitgangspunt vir die onderwys aan ons kinders en jongmense in Afrikanergeledere. Die Bybelse motief oor waarom opvoeding en onderwys vanuit die grondslag van die geopenbaarde Wil van God moet gebeur, is daarop gegrond dat dit God self is wat vanuit die ruimte van die verbond met sy volk in verhouding tree. By VCHO staan ons dus opvoeding/onderwys binne hierdie konteks voor, d.w.s. verbondsmatig, in die herbesinning oor 'n onderwysmodel vir die Christen-Afrikaner. Dit is ons oortuiging dat slegs binne hierdie voorgestelde beginselraamwerk aan 'n konsekwent Christelike opvoedings- en onderwysbedeling beslag gegee kan word, naamlik Christelik-reformatories en -volkseie.

Bronnelys

Calvyn, J. 1559. *Institusie van die Christelike Godsdiens,* Boek 1. Vert. deur Simpson, H.W. Potchefstroom: CJBF.

Fowler, Stuart. 1987. *Christian educational distinctives.* Wetenskaplike bydraes van die PU vir CHO; Instituut vir Reformatoriese Studies, Reeksnr F.

Smit, J.H., Strauss, D.F.M., Visagie, P.J. & Van Zyl, J.S. S.a. *Wees* 'n *24 uur-Christen.* 'n Bybelkor-kursus oor die Christelike lewens- en wêreldbeskouing

Stoker, H.G. 1967. *Oorsprong & Rigting.* Bande 1 en 2. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers.

Van Wyk Louw, N.P. 1958. *Liberale nasionalisme.* Kaapstad: Nasionale Pers.

Vervolg van bl. 15: **Die Bybel in Afrikaans**

Wat 'n merkwaardige saak om op so 'n gedenkwaardige dag te oordink: die Bybel in Afrikaans in ons kerklike en volkslewe! Dan sien ons daarin die hand van die Here dat huisgesin en kerk, skool en universiteit voortaan steeds deel kon hê aan die heilryk werk van die Here Jesus, deurdat hierdie boodskap in hulle eie taal aan hulle gebring kon word. Dit was nie slegs ter wille van die groei en vooruitgang van die Kerk in ons land nie, maar dit het ook 'n heilsame uitwerking op die ander instellings van die samelewing gehad. Dat naamlik die gevolge van die verlossingswerk van ons Here nie alleen tot die Kerk nie, maar ook tot die ander instellings van die samelewing sou deurwerk. Sodat daarmee die Lig en Waarheid van die Woord ook tot in die huisgesin en skool en universiteit sou deurdring. En dit herinner nog aan die vroeëre leuse van die Universiteit van die Vrystaat. Ja inderdaad, dat nie alleen die kerklik-godsdienstige lewe nie, maar ook die gesinslewe en die bedryf van die skool in onderhorigheid aan die geopenbaarde wil van God gestel word.

Dat dit seënryke gevolge ingehou het, nie alleen vir die Christelike kerk nie, maar eweeens die Christelike huisgesin en Christelike skool op Bybelse grondslag is haas onafwendbaar. Die klem word doelbewus op die "op Bybelse grondslag" geplaas, sodat daar nie twyfel mag bestaan nie dat dit nie maar net in Naam nie, maar ook wat die etos, inkleding en missie betref, konsekwent Christelik sou kon wees. M.a.w. elkeen daarvan aan sy partikuliere roeping en taak toegewy in die Lig van Gods Woord. Nie alleen die Kerk op haar besondere terrein nie, maar so ook die huisgesin en skool, elkeen in diens van God en sy Koninkryk, soos dit vir elkeen na hulle eie aard bestem is. En dan dink ons veral ook aan die voortgang van CNO-onderwys, soos dit bekend was.

So verskyn die Bybel in Afrikaans tot die heil van hulle wat onder die uitdra en verkondiging daarvan opgevoed en onderrig word in die Christelike leer en lewenswyse. Want dit geskied aan die hand van die aanvaarde beginsel van onderrig in die moedertaal, waardeur die Waarheid van die Woord in die kring van die huisgesin en binne die opset van die skool gebring word tot verruiming en verdieping van die Bybelse Waarheid. En so sou in die dekades wat daarop gevolg het burgers vir die Koninkryk opgevoed en onderwys word, sodat hulle "vir elke goeie werk volkome toegerus" (2 Tim. 3:17) word, as toegewyde volgelinge van die Here Jesus.

Ja, die Bybel in Afrikaans kon nou in die binnekamers van ons ouerhuise bloei en by die huisaltare gloei. Sodat ons kinders en jongmense hulle met die Bybelse Waarheid aan hulle gebring, kon vereenselwig en hulle in die geliefkoosde taal wat tot hulle harte en gemoedere spreek, na die Here Jesus gelei word.

Voorts ook die feit dat die Bybel in Afrikaans tot die kulturele opbloei van die Afrikaner meegewerk het, dat dit die Afrikaanse letterkunde tot groot hoogtes geneem het en dit die publikasie van literatuur in die Christelike tradisie gestimuleer het. In hierdie verband word op veral die volgende gewys:

Ons neem met dankbaarheid kennis van die werk van besondere betekenis wat in ons kerklike en volkslewe gevolg het, deurdat, bv., vir die kategismus en die gesinslewe uitstekende materiaal uitgewerk was van die Bybelse leer betreffende die geestelike toerusting met die oog op volwassenheid, asook die eienskappe en inrigting van die Christelike huisgesin in Bybelse perpektief.

Wat die kerklik-godsdienstige lewe betref, het ons gevolglik die waardevolle werk beleef van die saamstel van die kategismus in Afrikaans, waarin die Bybelse leer bevatlik en inhoudryk aan ons kinders en jongmense oorgedra kon word; 'n werk wat vir dekades in die kerklike onderrig in gebruik was, tot groot seën in hulle groei tot geestelike volwassenheid. Daarmee gepaardgaande ook die talle aktualiteitstemas wat gepubliseer was tot versterking van die Bybelse boodskap en belydenisskrifte. 'n Mens is jou terdeë bewus van die belangrike werk van die Sondagskool-boekhandel deur al die jare. In die jare 80 as kategeet, herinner ek my nog die besondere standaard van die kategese-boek vir die ou standerd 7.

Ons het ook die verskyning van belangrike Christelike temas in Afrikaans in die Bybelkor-reeks beleef, wat vir talle van ons mense groot geestelike seën ingehou het. In daardie reeks het temas verskyn wat vir ons kerklidmate en huisgesinne in die algemeen van onontbeerlike toerusting en voorligting voorsien het, wat vir hulle groei na volwassenheid onontbeerlik was.

Insgelyks het ons die opkoms van invloedryke publikasiehuise soos die Suid-Afrikaanse Christelike Uitgewers Maatskappy, die ou Sacum beleef. Daaruit het weer, wat die Christelik-lewensbeskoulike betref, belangrike titels in Afrikaans verskyn, waarkragtens die Bybelse denkraamwerk geïnterpreteer is. Ewe-eens het ons in daardie opsig belangrike publikasies beleef tot versterking van die lewensbeskoulike in ons volkslewe.

Die Bybel in Afrikaans het ook daartoe gelei dat daar weer nuut

gedink was oor die onderwys. Waar daar in daardie stadium nog die Engels-georiënteerde skole-bedeling met sy oorwegend humanistiese inslag aan die orde was, het die Bybel in Afrikaans die besef van die noodsaak aan die Christelike skool onder die Afrikaner weer laat posvat, wat die idee van Christelik-nasionale of volkseie onderwys lewend gehou het. En wat in die laat-veertiger jare onder die geloofsgemeenskap in die Oranje-Vrystaat tot die stigting van 'n organisasie soos die Vereniging vir Christelike Hoër Onderwys gelei het. 'n Vereniging waarvan die missie na meer as sewentig jaar steeds op die bevordering van opvoeding, onderwys en wetenskap op Bybelse grondslag gerig is, ooreenkomstig Calvinistiese oortuiging.

Die skrywer, CM van den Heever, skryf in die 40erjare soos volg in sy werk *Die stryd om ewewig:* "Die godsdienstige gees van die Afrikaner het nog steeds in die nouste verband gestaan met sy taalstryd. By Paul Kruger, net soos by soveel Afrikaanse leiers, was die roepingsgedagte sterk op die voorgrond, die diepe oortuiging dat God met die klein, nietige volkie 'n groot beskawingsplan aan die Suidpunt van Afrika het en dat hy hulle gaan gebruik vir 'n goddelike doel." En in sy werk het hy dit o.m. soos volg verdig:

Daar is 'n Oog wat alles merk,
Hy sit die onreg paal en perk,
Want al die nasies het een God.
Hy re'el 'n ieder volk se lot:
Hy het vir ieder volk sy taal,
syn land, syn reg syn tyd bepaal.
Wie dit verag sal sy straf dra,
O God, beskerm Suid-Afrika.

Waarlik, ons het op hierdie dag (27 Augustus) veel stof tot dankbaarheid wat die verskyning van die Bybel in Afrikaans betref.

Finansiële bydraes aan VCHO: beroep op lede

Ons bring graag die volgende vir ons belangrike punte onder ons lede se aandag:

1. Inbetalings oor die toonbank

Ons bemerk dat daar lede is wat inbetalings as bydraes aan die VCHO oor die toonbank doen. Die bankkoste daaraan verbonde is besonder hoog. Volgens ons finansiële state van die afgelope jaar, word inbetalings in kontant oor die toonbank met hoë bankkoste belas. Op 'n bedrag van byvoorbeeld R50, die voorgestelde minimum jaarlikse bydrae aan VCHO, beloop die bankkoste in sodanige gevalle R45, wat beteken dat slegs R5 die VCHO toekom.

Ons wil ons lede in hierdie omstandighede aanmoedig – dié wat dit so kan doen – om waar moontlik, eerder elektroniese inbetalings te doen. In hierdie geval is die bankkoste minimaal en ontvang die VCHO die grootste deel uit 'n bydrae van R50, as in voormelde gevalle. Daar word steeds voorkeur gegee aan die reël van 'n aftrekorder met die bank, of 'n debietorder direk met VCHO, maar bydraes in enige vorm word nogtans met groot dank ontvang.

2. Bydraes van R15 en minder per jaar

Ons wil lede verder ook vriendelik vra dat, waar dit enigsins moontlik is, bydraes van R15 en minder per jaar, na tussen minstens R20 en R30 per jaar te verhoog. Dit geld eenmalige bydraes per jaar of bydraes wat oor verskeie maande versprei word, waarvan die somtotaal op R15 of minder per jaar te staan kom. Wil u nie u jaarlikse bydrae na tussen minstens R20 en R30 verhoog nie?

Ons bedank graag weereens ons lede wat gereelde bydraes maak vir hulle gesindheid teenoor ons Vereniging.

Die Hoofbestuur van die VCHO verklaar hiermee dat die standpunte van outeurs in Roeping en Riglyne nie noodwendig die amptelike standpunt van die VCHO is nie.

ROEPING
en
RIGLYNE

REDAKTEUR
KERNREDAKSIE: Prof A.W.G. Raath, Prof D.F.M. Strauss.

Die Uitvoerende Beampte
Posbus 1824
Van Schalkwykstraat 21, Universitas
Bloemfontein
9300 / 9301

Tel. (051) 525 2267 of
(051) 525 2341
Faks (051) 522 4513
E-pos: hugo@vcho.co.za
Tuisblad: http://www.vcho.co.za

HOOFBESTUUR

Voorsitter: Prof A.W.G. Raath (Bloemfontein)

Prof J.A.E. Adendorff (Pretoria),
Prof E.J. van Niekerk (Pretoria),
Prof I.H. Horn (Pretoria),
Prof H.G. Stoker (Potchefstroom),
Dr A.L.A. Buys (Pretoria),
Dr M. Diedericks (Pretoria) en
Dr R. Bain (Orania).

Uitvoerende Beampte: Mnr H.J. Hayes